# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## PROEFEKSAMEN

## VRAESTEL 3

## 2018

**GRAAD 12** **TYD: 2 ½ UUR**
**PUNTE: 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | OPSTEL | [50] |
   | AFDELING B: | LANG TRANSAKSIONELE TEKS | [30] |
   | AFDELING C: | KORT TRANSAKSIONELE TEKS | [20] |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir ELKE afdeling skryf.

6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250-300 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Daar moet duidelike bewyse van beplanning wees.

1.1 Hoekom ek? [50]

1.2 My skoolloopbaan - die hoogtepunte en die laagtepunte. [50]

1.3 Wie nie waag nie, wen nie! [50]

1.4 Die lewe van ‘n meisie is baie moeiliker as die lewe van ‘n seun. [50]

1.5 ..... en daarom was dit die beste dag van my lewe! [50]

1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf ‘n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL: Daar moet ‘n DUIDELIKE verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.**

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

6.1.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige beplanning te doen.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het besluit om nie volgende jaar verder te gaan studeer nie. Jou ouers is baie kwaad oor jou besluit.

Skryf ‘n brief aan jou maat en vertel hom/haar hoekom jy hierdie besluit geneem het.

[30]

### 2.2 TOESPRAAK

Dit is jou beste maat se agtiende verjaarsdag. Sy ouers het vir hom ‘n partytjie gereël en jou gevra om ‘n toespraak te hou. In die toespraaak moet jy jou maat gelukwens en ‘n paar interessante dinge uit sy lewe vertel.

Skryf die toespraak neer. [30]

### 2.3 DIALOOG

Jy het jou ma se slimfoon geleen en nou is dit weg!

Skryf nou die gesprek tussen jou en jou ma neer. [30]

### 2.4 VERSLAG

Jy is deur jou skoolhoof gevra om ondersoek in te stel oor hoekom leerlinge in jou skool ongelukkig is.

Skryf ’n kort VERSLAG waarin jy jou bevindinge en ’n paar aanbevelings aan die hoof deurgee. [30]

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning.

### 3.1 DAGBOEKINSKRYWING

Dit is die aand voor jy jou finale matriek eksamen skryf.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die aand voor die eksamen.
- Die aand nadat jy die eksamen geskryf het. [20]

### 3.2 INSTRUKSIES

Jy gaan vir ‘n jaar oorsee au pair.

Skryf 7 instruksies neer wat jou ma jou gegee het om veilig oorsee te wees. [20]

### 3.3 PLAKKAAT

Jou skool het besluit om deel te neem aan Mandela-dag deur vir 67 minute iets te doen.

Ontwerp ’n **plakkaa**t waarin jy die leerders uitnooi om daaraan deel te neem. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**